Automechanika Leading International Trade Fair for the Automobile Sector
Johannesburg Expo Centre, 18 to 21 March 2009

automechanika
SOUTH AFRICA

Presse Press

August 2008

Roger Houghton
Tel. +27 11 476 7400 Fax: 086-505-8957
houghtonr@mwebbiz.co.za

www.automechanikasa.co.za

AUTOMECHANIKA-PROJEKBESTUURDERS VERGADER IN SA

Die verskillende internasionale projekbestuurders van die globale voertuig-naverkopesku, Automechanika, een van die juwele in die wye reeks uitstallings wat jaarliks deur Frankfurt Messe gereël word, sal hul jaarvergadering vanjaar in Suid-Afrika kom hou.

Die vergadering sal ook deur ’n afvaardiging senior amptenare van die Frankfurt Messe-organisasie self, sowel as ’n aantal oorsese joernaliste, bygewoon word. Altesaam 30 oorsese besoekers sal in die laaste week van Julie vir die vergaderings in Suid-Afrika wees.

“Ons is verheug oor hierdie besluit aangesien dit die posisie van die Automechanika-handelskou in Suid-Afrika, waar ons die eerste skou in Afrika van 18 tot 21 Maart aanstaande jaar sal hou, aansienlik versterk,” het Philip Otto, ’n direkteur van Dogan Trading wat die Automechanika-lisensie vir Suid-Afrika bekom het, gesê. Die vierdaagse internasionale handelskou vir verskaffers van onderdele en toerusting, sowel as diensteverskaffers in die motorbedryf, sal by die Expo-sentrum by Nasrec gehou word, maar sal nie vir Jan en alleman oop wees nie.

Die Automechanika-projekbestuurders kom van al die lande wat hierdie uitstallings al aangebied het, na Suid-Afrika – waaronder Duitsland, Mexiko, Rusland, Argentinië, Shanghai, Maleisië, Turkye, Doebai, Kanada, Italië en Thailand. Johannesburg sal die 13de stad in 12 lande ter wêreld wees wat ’n Automechanika-handelskou aanbied.

Dogan Trading (Pty) Ltd
Second Floor, Admin Building
Johannesburg Expo Centre
Cnr Rand Show & Nasrec Roads
Nasrec, Johannesburg

Dogan Trading Pty Ltd

Die openingsbyeenkoms van die internasionale vergadering in Johannesburg sal ’n perskonferensie by die Johannesburg-buiteklub in Aucklandpark onder die vaandel van Messe Frankfurt wees, met die hoofspreker die bestuursraadslid Detlef Braun. Hy sal die agtergrond en huidige stand van sake by Messe Frankfurt skets. Dié organisasie hou meer as 100 vooraanstaande byeenkomste per jaar, en die konferensie sal dan die aandag fokus op Automechanika self, wat die vinnigste groeiende handelsnaam in die Frankfurt Messe-stal is.

Die perskonferensie sal op dieselfde tyd aangebied word as ’n vergadering wat bygewoon sal word deur verteenwoordigers van verenigings en maatskappye wat munt uit blootstelling by Automechanika Suid-Afrika sal kan slaan. Die mediakonferensie en algemene vergadering sal deur aandete gevolg word.

“Die toestaan van ’n lisensie ná lang onderhandelinge om Atomechanika aan te bied, kan uitgebrei word tot ’n betrokkenheid by uitstallings vir ander Suid-Afrikaanse bedrywe waarin Messe Frankfurt vaardighede het, en wissel van tegnologie tot tekstiel, binneversiering en skoonheid," het Otto bygevoeg.

You will find more information on the internet at:

www.automechanikasa.co.za